

DIE ONDERNEMING : Kernwaardes gestel

Onder die kernwaardes wat vir die Meyer-Morgan-boerdery gestel is, is die volgende:

VELDBEWARING. Om 'n balans tussen die drakrag van die veld en optimum diereproduksie per hektaar te vind waarin daar voorsiening vir 'n wisselvallige klimaat en reënval gemaak word. Om die veld, vee en infrastruktuur in die bes moontlike toestand te laat vir die volgende geslag wat die boerdery moet oorneem.

ARBEID. Om werkers se lewenstandaarde te verhoog en hulle deur middel van opleiding in die regte posisies te plaas. Om hulle te beloon vir prestasies en om trots te wees op wat hulle bereik.

BESTUUR. Om te kapitaliseer op die sinergisme wat die bestuurspan het en, namate die onderneming groei, werknemers tot bestuursposisies te bevorder.

WINSGEWENDHEID. Produksiekoste moet beperk word, maar nie in so 'n mate dat verdere intensivering, wat 'n beter inkomste verseker, agterweë gelaat word nie. Die noukeurige byhou van inligting wat die korrekte besluite in die verband sal verseker, is noodsaaklik.

LEWENDE HAWE. Die strewe is om met diere van die beste gehalte te boer. Dié doelwit word bereik deur streng seleksiedruk en alle diere wat passasiers is, summier uit te skot.

RISIKOBESTUUR. Omdat risiko's 'n integrale deel van boerdery is, moet jy nie met die broek op die knieë gevang word nie, maar sorg dat daar altyd voldoende kontant, spaarveld en 'n voerbank sal wees om die risiko's te verskans.

TROTS EN BEVREDIGING. Om pret te hê en trots op die onderneming te wees.

Boerderypraktyke

Die Meyer-Morgan-boerdery het vooraf vir homself sekere doelwitte gestel (lees die kassie "Kernwaardes gestel") en volg bepaalde bestuurspraktyke om dit te bereik.

Die speenpersentasie vir die beeste moet, byvoorbeeld, meer as 90 van die koeie wat gepaar word, beloop. Vir skape is die persentasie 140 en vir die Boerbokke 160. Vrektes onder die beeste nadat kalwers gespeen is, moet jaarliks nie meer as 2,5% van die kudde beloop nie en vir die kleinvee minder as 5%.

Hoewel die koeie tans van 21 November tot 18 Februarie gepaar word, is die mikpunt om dit tot 65 dae te verminder, met 80% van die kalwers wat binne die eerste 6 weke van die kalftyd gebore word. Danksy die 75 hektaar aangeplante weidings (lusern, raaigras, klawer en swenkgras (fescue) onder besproeiing, kon hulle die lamtyd tot Augustus vervroeg. Die ooie en lammers wei tot die einde van November op die weidings (40 ooie per hektaar), wanneer die lammers gespeen word. Onmiddellik daarna bemark hulle die hamellammers. Tweelingooie word in 'n wawielkampstelsel gevoer, en die lammers het toegang tot kruipvoeding.

Gedurende die wintermaande van Mei tot Augustus kry alle koeie 'n Dundee-onderhoudslek en die dragtige verse 'n Dundeeproduksielek. Gedurende die lente kry die koeie wat gekalf het, asook die verse wat gepaar gaan word, 'n aanvulling van Super 18. Gedurende die somermaande kry al die vee net 'n fosfaatlek.

Morgan gee die dragtige ooie en die Boerbokke vanaf Junie, ongeveer 4 weke tot 6 weke nadat hulle gelam het, 'n hoë proteïen deur vloeiproduksielek.

Die gemiddelde veseldeursnee van die ooie se wol is 20 mikron en vir die wissellammers 17 mikron. Tussen 4 kg en 5 kg wol word in Oktober van die ooie geskeer. "Omdat ons verlede jaar, toe die skape nog voor die winter geskeer was, sowat 500 jong skape in 'n erge sneeustorm verloor het, is besluit om die skeertyd na Oktober te skuif."

Morgan se pa het in 1998 begin om met rooi Brangusbeeste te boer. Die bulle word op die ouderdom van drie jaar op die jaarlikse Oos-Kaap-Brangusveiling op Tarkastad bemark. Die tollies

word aan 'n voerkraal by Adelaide verkoop.

Omdat grond in dié geweste selde in die mark kom, verkies hulle om veld by te huur. “Die prys van grond wat wel in die mark kom, wissel tussen R8 000 en R10 000 per hektaar. Ek dink die oorskakeling na wildboerdery kan een van die redes wees waarom grondpryse hier hoog is.”

In 2005 het Morgan mnr. Isaac Ndlongwane gehelp om sy eie skeerspan, Sowentsa Shearing, op die been te bring. Ndlongwane, wat in 2008 en verlede jaar as die SA Masjienskeer-kampioen bekroon is, bestuur vandag 4 skeerspanne met 28 skeerders.

'n Saak wat die Meyer-Morgan-boerdery na aan die hart lê, is die welsyn van die 18 heeltydse werkers en hul familie op die plaas. Elke familie het 'n netjiese drieslaapkamerhuis, met elektrisiteit en lopende water. Warm water word voorsien deur sonpanele wat by al die huise geïnstalleer is.

“Die opleidingskursusse wat ons op die plaas aanbied en dié waarheen ons die werkers by die Landboukollege Grootfontein stuur, het baie bygedra om hul moreel én produktiwiteit te verhoog. Die vyf bestuurders wat ek nou aangestel het, maak ook my taak soveel makliker op die plaas.”

“Ja,” voeg Kate by, “ek glo die sukses van ons boerdery is veral te danke aan die goeie menseverhoudinge en arbeidspraktyke wat gevolg word. Omdat die werkers met respek en menswaardigheid behandel word, is baie van die families reeds geslagte lank op die plaas.”